NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:

   - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
   - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk

3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.

4. In Afdeling A moet jy die eerste vraag (Vraag 1) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 2 óf Vraag 3 beantwoord (indien jy *Toekomsmens* bestudeer het) óf Vraag 4 óf Vraag 5 (indien jy *Een of ander hel*d bestudeer het).

5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.

6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genommer is.

8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

N12AFRH-2-A

IEB Copyright © 2025

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

VRAAG 1 *DIE DAG IS BROS* (Wessel Pretorius)

Instruksies vir mini-essayvraag

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy in 'n mini-essay argumenterend moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

STELLING:

"*Die dag is bros* is 'n aangrypende en onvoorspelbare menslike drama wat beloof om lesers enduit vasgenael te hou. Poësie, achronologiese vertelling en die magiese realisme speel 'n sleutelrol in dié drama."

[Bron verwerk uit: <http://www.proteaboekhuis.com/>]

OPDRAG:

- Skryf 'n mini-essay van ongeveer 400 woorde waarin jy betogend op die bogenoemde stelling reageer, deur die gebruik van **poësie**, **terugflitse** en die **magiese realisme** as bydraende faktore tot die onvoorspelbaarheid van die drama te bespreek.

- Besin in jou gevolgtrekking oor watter een van hierdie aspekte volgens jou die grootste bydra lewer tot die **bou van spanning** in die drama.

[30]

IEB Copyright © 2025

PROSA

Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Toekomsmens* – Isa Konrad)
  Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Een of ander held* – Zirk van den Berg)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou literêre opstel moet beredenerend van aard wees.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

BEANTWOORD VRAAG 2 óf VRAAG 3 as jy *TOEKOMSMENS* bestudeer het.


VRAAG 2 KEUSEVRAAG: *TOEKOMSMENS* (Isa Konrad)

Volgens kenners is die boekomslag eintlik die openingsreël van die boek. Daar moet 'n **parallel tussen die voorblad en inhoud wees**: die omslag dra die boek se boodskap eerste oor.

[Bron: <https://afrifiksie-nova.com/om-te-skryf/n-boekomslag-is-meer-as-n-stofjas/>]

Bespreek aan die hand van bogenoemde stelling, in 'n literêre opstel van 600 woorde, hoe die nuwe weergawe van die voorblad (Addendum A, bladsy 4) van *Toekomsmens* die **plot** en **hooftemas** van die roman **uitbeeld**. Jy moet na **ten minste drie elemente** op die nuwe voorblad in jou opstel verwys.

In jou **slot** (en slegs in jou slotparagraaf) moet jy aandui of die nuwe of die oorspronklike voorblad as die beste "openingsreël" vir die roman dien.



Oorspronklike voorblad

[30]

ADDENDUM A



IEB Copyright © 2025

OF

VRAAG 3 KEUSEVRAAG: *TOEKOMSMENS* (Isa Konrad)

In die heel laaste boodskap wat aan die volk gestuur word, is In-Grid aan die woord. In haar boodskap aan die volk sê sy:

"DAT DIE MENS SY EIE GROOTSTE VYAND IS, IS 'N REËL WAARVOOR DAAR GEEN UITSONDERING BESTAAN NIE."

Beredeneer in 'n literêre opstel van 600 woorde hoe die bogenoemde stelling van toepassing is op onderskeidelik **Kel de Jongh**, **Agnes Baumer** en **Cokisa Maya**.

[30]

OF

BEANTWOORD VRAAG 4 óf VRAAG 5 as jy *EEN OF ANDER HELD* bestudeer het.


VRAAG 4 KEUSEVRAAG: *EEN OF ANDER HELD* (Zirk van den Berg)

Volgens kenners is die boekomslag eintlik die openingsreël van die boek. Daar moet 'n **parallel tussen die boekomslag en inhoud wees**: die omslag dra die boek se boodskap eerste oor.

[Bron: <https://afrifiksie-nova.com/om-te-skryf/n-boekomslag-is-meer-as-n-stofjas/>]

Bespreek aan die hand van bogenoemde stelling, in 'n literêre opstel van 600 woorde, hoe die nuwe weergawe van die voorblad (Addendum B, bladsy 6) van *Een of ander held* die **plot** en **hooftemas** van die roman **uitbeeld**. Jy moet na **ten minste drie elemente** op die nuwe voorblad in jou opstel verwys.

In jou **slot** (en slegs in jou slotparargraaf) moet jy aandui of die nuwe of die oorspronklike voorblad as die beste "openingsreël" vir die roman dien.




Oorspronklike voorblad

[30]

IEB Copyright © 2025

ADDENDUM B



IEB Copyright © 2025

OF

VRAAG 5 KEUSEVRAAG: *EEN OF ANDER HELD* (Zirk van den Berg)

In 'n resensie oor *Een of ander held* op litnet.co.za, skryf Jeanette Ferreira:

> "Die roman bevat merkwaardig min historiese feite en beskrywings; in plaas daarvan sentreer die roman om **die mens in sy eeue oue konflik met homself en andere**."

Bespreek aan die hand van bogenoemde stelling, in 'n literêre opstel van 600 woorde, hoe die hoofkarakter, Siegfried Bock, deur sy **konflik met homself** en ten minste **twee ander karakters (Oberleutnant Berghammer, Gert Dehlinger of Jager Orlam)** uiteindelik **as 'n held** uitgebeeld word.

[30]

60 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – BLOG

Die feit dat vandag se kinders elke dag blootgestel word aan toestelle en skerms en buitengewoon bedrewe is met die jongste tegnologie, is vir baie ouers 'n kopseer en hulle is nie altyd seker hoe om die situasie te bestuur nie.

"Oor die laaste dekade is daar heelwat navorsing gedoen oor die verband tussen kinders en tieners se sosiale mediagebruik en hulle geestesgesondheid. Kenners is dit eens dat die konstante oorstimulasie van sosiale platforms die senuweestelsel verander tot 'n veg-of-vlug toestand. Dit kan veroorsaak dat versteurings soos aandagafleibaarheid en tienerdepressie en -angs vererger."

Wayne

"Natuurlik is dit 'n nuutjie vir my kind en het sy en haar maats reeds 'n paar WhatsApp-groepies gestig, en dit is hier waar probleme kan ontstaan. Nie noodwendig oor wat 'n mens se eie kind doen, sê of deel op die groepies nie, maar waaraan hulle blootgestel word. Kuberboeliery is 'n realiteit en nie alle ouers is bedag op wat hulle kinders rondstuur nie."

Sarah

Slaap hulle kinders genoeg? Waarna kyk hulle kinders op hul fone? Hoeveel skermtyd is te veel? Is hulle te streng met die skermtydbeleid in hul huis? Dit is maar net 'n paar vrae waarmee ouers daagliks worstel.

OPDRAG:

Julle skoolsielkundige het gevra dat jy vir die skool se aanlyn nuusbrief **'n blog van ongeveer 250 woorde** skryf waarin jy **ouers oorreed dat skermtyd en sosiale media nie noodwendig net nadelig vir hul tiener is nie**, maar dat daar ook **voordele** aan verbonde is.

Wees eerlik. Wees reguit. Ouers moet wéét hoe tieners voel.

Jou slotparagraaf moet **drie wenke** insluit oor hoe ouers hul tiener se skermtyd beter kan help bestuur.

Belangrik:

- Gee jou skryfstuk 'n treffende titel.
- Jou blog moet 250 woorde lank wees. Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.

Jou taal en styl moet pas by die onderwerp, maar ook in ag neem dat jy met ouers kommunikeer.

[20]

IEB Copyright © 2025

BEANTWOORD VRAAG 7 of VRAAG 8

VRAAG 7 KEUSEVRAAG – HEILDRONK

Die volgende uitnodiging kan as prikkel vir jou skryfstuk gebruik word.



Jou beste vriend/vriendin en sy/haar maat is verlief en verlore al vanaf graad 9 en het besluit om nie verder tyd te mors nie en reeds volgende jaar te trou omrede hulle vir 'n paar jaar saam oorsee wil gaan werk.

Omdat jy hulle al so lank ken, word jy gevra om die heildronk op die huwelikspaar in te stel.

Hulle weet wel dat niemand van lang toesprake hou nie en het gevra dat jou toespraak ongeveer **250 woorde** lank moet wees.

Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.

[20]

OF

IEB Copyright © 2025

VRAAG 8 KEUSEVRAAG – BEKENDSTELLING VAN 'N SPREKER

Die volgende uitnodiging kan as prikkel vir jou skryfstuk gebruik word.



Thomas Labuschagne, 'n oudleerder van jou skool, Hoërskool Aanhou, is genooi as gasspreker na jul skool se jaarlikse prysuitdeling.

Die akademiese hoof het jou gevra om Thomas bekend te stel en die gehoor bietjie meer te vertel van wat hy sedert sy skooldae bereik het en waarmee hy tans besig is.

Dit is 'n lang aand, so jou bekendstelling moet kort en kragtig wees – hoogstens **250 woorde**.

Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2025